Die Heilige Gees

Dr. Gerrie de Haas
gerrie@gedaministries.co.za

Handelinge 1:5

'Maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie.'

Inhoud

1. Wie is die Heilige Gees?

2. Die belofte en vervulling met die Heilige Gees.

3. Ontvang die Heilige Gees.

4. Heilige Gees teenwoordig in my.

5. Heilige Gees: Die sleutel vir krag.

6. Die gawes van die Heilige Gees.

1.WIE IS DIE HEILIGE GEES?

Ons weet dat die Heilige Gees deel is van die Heilige Drie-eenheid van God.
Hy was teenwoordig tydens die skeppingsverhaal en in ***Genesis 1:2*** lees ons:
'En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.'

Met ons wedergeboorte kom die Heilige Gees in jou lewe in die oomblik as Jesus Christus ons wederbaar in die familie van God in. Die Heilige Gees kan dan net so groot 'n rol in jou lewe speel as wat jy Hom toelaat om te doen.

Hoe werk Hy vandag prakties in ons lewe?

'n Tipe voorbeeld hiervan lees ons in Genesis 24.
Hierdie is die verhaal van Abraham en hoe hy te werk gegaan het om vir sy seun Isak 'n bruid te kry.

Genesis 24:1-4,7, 10,15-16,49,51,53,56-59,66-67

vers 1: En Abraham was oud en ver op sy dae, en die HERE het Abraham in alles geseën.
vers 2: Toe sê Abraham aan sy dienaar, die oudste van sy huis wat die opsig gehad het oor al sy goed: Lê tog jou hand onder my heup,
vers 3: dat ek jou kan laat sweer by die HERE, die God van die hemel en die God van die aarde, dat jy vir my seun geen vrou sal neem uit die dogters van die Kanaäniete onder wie ek woon nie;
vers 4: maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Isak 'n vrou te neem.
vers 7: Die HERE, die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggeneem het, en wat met my gespreek en vir my gesweer het met die woorde: Aan

jou nageslag sal Ek hierdie land gee—Hy sal sy engel voor jou uit stuur, en jy moet vir my seun daar ‘n vrou gaan haal.
vers 10: En die dienaar het tien kamele van die kamele van sy heer geneem en weggegaan met allerhande kosbare goed van sy heer by hom: hy het klaargemaak en na Mesopotámië, na die stad van Nahor, getrek.
vers 15: Hy het nog nie klaar gespreek nie, of daar kom Rebekka uit wat vir Bétuel, die seun van Milka, die vrou van Nahor, Abraham se broer, gebore is, met haar kruik op haar skouer.
vers 16: En die dogter was baie mooi van aansien, ‘n jongmeisie, en geen man het haar beken nie. En sy het afge- daal na die fontein en haar kruik volgemaak en weer opgekom.
vers 49: As julle dan nou guns en trou aan my heer wil bewys, sê dit vir my; en so nie, sê dit vir my, dat ek regs of links kan gaan.
vers 51: Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy ‘n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die HERE gespreek het.
vers 53: Daarna het die dienaar silwer— en goue goed en klere uitgehaal en dit aan Rebekka gegee; ook aan haar broer en haar moeder het hy kosbare geskenke gegee.
vers 56: Maar hy antwoord hulle: Moet my nie ophou nie aangesien die HERE my weg voorspoedig gemaak het; laat my trek, dat ek na my heer kan gaan.
vers 57: Toe sê hulle: Laat ons die dogter roep en haar self vra.
vers 58: En hulle het Rebekka geroep en haar gevra: Wil jy met hierdie man saamgaan? En sy antwoord: Ja.
vers 59: Daarop het hulle Rebekka, hulle suster, en haar oppasser laat trek saam met die dienaar van Abraham en sy manne.
vers 66: Daarop het die dienaar aan Isak alles vertel wat hy gedoen het.
vers 67: En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar liefgehad.

Hier sien ons:
Abraham, as ‘n tipe van God die Vader,

Isak, as ‘n tipe van Jesus Christus, die Seun van God,
Rebekka, as die bruid van Christus, die kerk, en
Die Boodskapper van Abraham, as ‘n tipe van die Heilige Gees.

Hierdie Boodskapper van Abraham, alhoewel hy nooit ‘n naam gegee is in die Bybel nie, is die hoofkarakter.
Hy is die tipe van die Heilige Gees.

As ‘n dienskneg het hy net een groot doel: dit is om die jong vrou te vind wat die Bruid moet word en haar toe te rus en te beklee.

Hy is geroep om haar te begelei en haar veilig na die Bruidegom toe te neem.

Kom sien die prent:

Die dienskneg en Rebekka ry nou saam op die kamele terug. Langs die pad het hy nou baie tyd om haar te vertel presies wat om te doen as sy by Isak gaan aankom.

Sy vra hom ook uit: ‘Van wat hou my heer, van wat hou hy nie, wat moet ek doen om hom gelukkig te maak, wat moet ek aantrek, wat moet ek vir hom sê, waar gaan ons bly, gaan ons alleen wees?’

Dis die vrae wat sy vra.

Hy besef dit en vertel aan haar alles van haar heer.
Hoe hy lyk, wat gaan in die toekoms gebeur, hoe moet sy lyk.
Dis die tipe vrae en informasie wat hy aan haar gee.

Dit is presies waarvoor die Heilige Gees uitgestort is op die aarde met Pinkster.

Hy is hier met een groot doel: Hy moet die Bruid van Christus – dis die kerk - vind en haar toerus, haar klee en haar veilig begelei deur hierdie wêreld en haar aan Jesus Christus oorgee as ‘n heilige, skoongewasde en rein Bruid.

Die Heilige Gees is in jou om jou in die volle waarheid te lei.
Hy is hier om jou te vertel wat om te doen om in God se perfekte wil te wees.

Wat belangrik is in die gelese deel:

Toe die dienskneg die jong meisie gevind het wat die bruid van Isak moes word, het hy aan haar geskenke gegee.
Hierdie geskenke het hy met hom saamgeneem.

Die oomblik toe die jong meisie die geskenke aanvaar het, het sy haarself verbind om sy bruid te word.
Indien sy hierdie geskenke nie aanvaar het nie, sou sy Isak nie ge-eer het nie en hom weggestoot het.
Daarna sou sy nie maklik ooit weer sy bruid kon wees nie.

Die Heilige Gees word vandag nog steeds deur God gestuur om Sy teenwoordigheid en geskenke – vrug en gawes - aan almal wat die Bruid van Sy Seun Jesus Christus wil wees, te skenk.
Die oomblik dat die kerk hierdie geskenk van God aanvaar is hy verbind om die Bruid van Christus te word.

Daar sal altyd ‘n keuse gemaak moet word.

Die karakter van die Heilige Gees:

Een ding wat ons opmerk is dat die Heilige Gees geen aandag op Homself trek nie.
Hy neem die fokus en plaas dit slegs op Jesus Christus.

Dit is die diensbaarheid wat ons moet leer.
Ons moet besef dat om ‘n dienskneg te wees defnitief ‘n deel is van die bonatuurlike lewe.

Diensbaarheid kom uit die ewige verlede uit die hemele.
Vir ewig sal Jesus Christus die gewillige en gehoorsame Seun en dienskneg van God Sy Vader wees.

Hy sê self dat Hy niks doen as die Vader Hom nie toestemming gee om dit te doen nie.

Die Heilige Gees is daarop die gewillige en gehoorsame dienskneg van God die Vader en God die Seun.
Hy pas perfek in Sy rol waarvoor Hy geroep is – Hy is die dienkneg God!

Wat sê die Woord hieroor?

Johannes 15:16;
'Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.'

Johannes 16:13-14;
'Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.
Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. '

Die Heilige Gees word ook nooit aanbid nie.
Jesus het onsself geleer hoe om te bid toe Hy gesê het: ' Onse Vader'

Daarby voeg Jesus hierdie belofte:
Johannes 14:13;
'En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.'

Ons gebede bly gerig tot God die Vader.
Die Heilige Gees is hier om ons te help om die Vader te bereik met ons gebede en nie om vir ons 'n alternatief te gee nie.

Ons is geroep om '**In** die Gees' te bid, nie '**tot** die Gees' nie.
Ons **bid** tot God die Vader en tot Jesus Christus, maar ons **praat** met die Heilige Gees.

Vraag: Wat is die wil van God in my lewe en wat verwag Vader van my ?

1 Thessalonicense 4:3;
'Want dit is die wil van God: julle heiligmaking;'

Die Heilige Gees antwoord hierop: ***Hebreërs 12:14;***
'Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;'

My doel: Ek sal die heiligmaking nastreef ten alle koste.
Die Heilige Gees is uitgestort om my daarmee te help.

Jy moet bereid wees en gewillig wees en begeer om die Heilige Gees as 'n persoon te ontmoet en Sy stem te hoor.
Hierdie ontmoeting hang net van een ding af: Jy moet Hom uitnooi om in jou te kom lewe en te werk.

Vra Hom om jou 'padwyser' te word en jou hand te vat en jou te lei in die volle waarheid.
In hierdie waarheid is ook die volheid van al Sy gawes.

2.DIE HEILIGE GEES: DIE BELOFTE EN VERVULLING

Van die begin af was die drie-enige God teenwoordig.
God - die Vader,
God - die Seun, Jesus Christus, en
God - die Heilige Gees.

Heilige Gees is al vanaf Gen 1:2 daar:
Genesis 1:2;
'En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.'

Dwarsdeur die Ou Testament sien ons dat die Heilige Gees beperk word in ‘n gebou - eers in die Tabernakel en later in die tempel tot ‘n sekere plek, die Allerheiligste deel van die gebou. Daarin het ook die Ark van die Verbond gestaan- ‘n teken van die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Hierdie area is afgesluit van die res van die gebou deur die ‘voorhangsel’.
‘n Massiewe stuk materiaal van 14 meter lank, 7 meter hoog en 11 cm. dik.

Slegs die hoë priester word daar binne toegelaat een keer per jaar op die groot versoensdag, om die sonde van die volk te bely.

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is so sterk daar dat hulle aan die priester klokkies sit en ook ‘n tou om sy enkel om hom uit te sleep as hy nie kan staan in die teenwoordigheid van die Heilige Gees nie.

Elke manspersoon van die Joodse volk moes probeer om een keer per jaar in Jerusalem te kom om net naby die Heilige Gees te kan wees.

Jesus Christus word gekruisig en sterf op Golgota.
Die oomblik toe Hy sterf, roep Hy uit:’Dit is volbring!’

Wat is volbring?
Die ou bedeling wat nou tot ‘n einde kom – Jesus Christus word nou die ewige Paaslam, geslag vir jou en vir my.

Die oomblik toe Hy sterf, skeur die voorhangsel van bo na onder oop en die Heilige Gees word vrygestel om nooit weer daarna tot ‘n gebou beperk te wees nie, maar om in mense te bly.

BEKERING:

Romeine 10:9;

'As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.'

Ek aanvaar nou vir Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker en kom tot bekering – Jesus Christus kom in my lewe in. Saam met Hom kom die Heilige Gees, om vir ewig in my te kom woon.

Kan ek seker wees van hierdie nuwe geboorte? **JA.**

1 Johannes 5:12; **'**Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het nie die lewe nie.'

DIE HUIS WAARIN GOD KOM BLY

Die Heilige Gees kom nou permanente woning maak in my lewe.
My huis word nou stelselmatig gevul met die teenwoordigheid van die Heilige Gees – eers met die bou van my karakter.
My hele lewe word nou gevul met 'Die Vrug van die Heilige Gees' en later met 'Die Gawes van die Heilige Gees.'

Ek het egter 'n baie groter kragdimensie van die Gees in my lewe nodig.

BELOFTE VAN DIE UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES.

Jesus se belofte oor die Heilige Gees:

Johannes 14:16 –17;
'Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Trooster / 'n ander Voorspraak stuur, om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid.
Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.'

Jesus self sê net voor Sy hemelvaart:

Handelinge 1: 5;
'Johannes die Doper het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank na hierdie dae nie.'

DIE DOEL VAN DIE UITSTORTING:

Handelinge 1:8;
'En julle sal **krag** ontvang wanneer die Heilige Gee oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem en verder.'

* Jesus Christus kom aarde en word gekruisig – sodoende oorwin Hy die dood en die vloek oor ons lewens.

* Met Sy kruisdood het Hy nou gekom om die verhouding tussen mens en God te herstel.

* Toe Jesus in die hemel Sy plek inneem aan die regterhand van God die vader, sê God aan Hom:
'Stort nou die Heilige Gees uit oor ons kinders.
Dis slegs bedoel vir ons bloedgewastes.
Die Heilige Gees sal hulle nou vervul en dan aan elkeen verder die gawes gee soos wat Hy wil!'

DAN KOM DIE UITSTORTING:

Handelinge 2:1-4;
'En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.
En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
Toe is deur hulle tonge soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.
En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.'

Sedert die uitstorting van die Heilige Gees op daardie Pinksterdag, is Hy nog altyd hier met ons.

HOE KAN EK GEDOOP WORD MET DIE HEILIGE GEES ?

Dit kan op twee maniere ontvang word:

1. Deur geloof en handoplegging; of
2. Jy moet net self 'n volgende stap neem deur 'n gebed van geloof op jou eie te maak.

Die vervulling met die Gees is iets wat ek moet DOEN.
Dis nie 'n kwessie dat God nou die Heilige Gees vir elkeen moet gee nie.
Nee, dis 'n kwessie dat elkeen die Heilige Gees net moet ontvang – Hy is lankal uitgestort.

Vanaf die tyd dat Hy inkom om ons te vervul sal daar vir elke oomblik van jou lewe 'n bewustelike teenwoordigheid van Hom in jou wees.
Die ontvang en vervulling met die Heilige Gees is 'n defnitiewe volgende stap na bekering: Dit gebeur nie net van self in die meeste gevalle nie.

1. Handoplegging:

Handoplegging in Samaria deur Petrus en Johannes.

Handelinge 8:12,14–17;

12 'Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop.
14 Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur.
Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop.
Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.'

Handoplegging deur Paulus in Efese:

Handelinge 19:1–6;
'Paulus het deur die binneland gereis en in Efese gekom. Daar het hy 'n groepie gelowiges gekry vir wie hy gevra het:
Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?
Ons het nog nie eens gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie, het hulle geantwoord.
Watter soort doop het julle dan ontvang?
vra hy toe.
Die doop van Johannes, antwoord hulle.
Daarop sê Paulus: Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een moet glo wat na hom kom, dit is in Jesus.
Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop.
Paulus het hulle ook die hande opgelê.
Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het tale gespreek en geprofeteer.'

Hier sien ons baie duidelik dat sekere persone die Gawe van die Heilige Gees ontvang het om vir mense te bid sodat hulle vervul kan word met die Heilige Gees.

2. Deur geloof op jou eie:

Handelinge 10:44-46;
'En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.
En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak.'

Hier is dit duidelik dat jy alleen of in 'n groep vervul kan raak met die Heilige Gees, sonder dat iemand vir jou bid.

Soveel mense het net daar alleen in hulle bidkamer die volheid ontvang.

WAT MOET EK DOEN OM DIE DOPING MET DIE HEILIGE GEES NOU TE ONTVANG?

God verwag dat ons `n paar essensiële dinge moet doen:

(1) **BEKERING,** en

(2) **DIE DOOP** daarna**:**

Petrus praat met die manne op die Pinksterdag.
Kom ons lees wat was hulle reaksie;

Handelinge 2:37–38;
`By die aanhoor hiervan is die mense diep in hulle harte getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen broeders?"
toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus.
Dan sal God julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."'
Hier sien ons baie duidelik die belofte: 'En julle sal die gawe 7 van die Heilige Gees ontvang.'

Markus 16:16;
Jesus sê: 'Hy wat glo en hom laat doop…'

Ook sê Ananias vir Paulus in ***Handelinge 22:16***, na sy ondervinding op die Damaskus-pad:
'En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.'

Daar is twee baie duidelike vereistes: 'Bekeer julle en laat julle gedoop word'.

* Om tot bekering te kom beteken net om in opregtheid weg te draai van alle sondige gedrag en opstandigheid en ons sonder enige voorwaardes aan God te gee.

* Om gedoop te word is om deur die sakrament te gaan en sodoende persoonlik en sigbaar met Jesus Christus te identifiseer – met sy dood, sy begrafnis en sy wederopstanding.

Hierdie twee vereistes vorm dus 'n basis waarop ek moet werk om die gawe van die Heilige Gees te ontvang:
BEKERING en DIE DOOP daarna.

(3) VRA GOD:

In Lukas 11:9-13; sê Jesus:
'Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word.
Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.
Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis ?
of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee ?
As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer !
Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.'

Hierdie is so eenvoudig, maar o so belangrik!
Jesus sê dat die Vader die Heilige Gees sal gee vir sy kinders, as hulle hom daarvoor vra.

Ek het al gehoor dat mense sê: 'Ek het nie nodig om vir die Heilige Gees te vra nie!'
Om nie te vra nie is onskriftuurlik en verkeerd!

Jesus was besig om met sy dissipels te praat en Hy sê:
'Julle Vader sal die Heilige Gees vir julle gee as julle daarom vra.'

Net daarna sê Hy ook dat Hy na die Vader toe sal gaan om Hom te vra om die Heilige Gees vir hulle te stuur.
Vader sal dit dan aan Jesus gee, om dit uit te stort op sy kinders.

(4) WEES DORS:

In Johannes 7:37–39, is daar nog **drie voorwaardes:**
'Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep:
As iemand dors het, laat hy na my toe kom en drink !
Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.
hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang.
Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.'

Dis baie duidelik dat Jesus hier praat oor gelowiges wat die Heilige Gees sal ontvang.

Hoor wat sê Jesus: 'As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink !"
Daar is drie duidelike vereistes:

Die eerste een **: Wees dors !**
Jesus het nog nooit sy seëninge op mense afgedwing wat voel dat hulle dit nie nodig het nie.

Baie mense ontvang nooit die volheid van die Heilige Gees
9 nie, net omdat hulle nie dors genoeg is daarvoor nie.
As jy aanhou voel jy het alles wat jy nodig het en niks meer het om te vra nie, hoekom sal God verder met jou sukkel?

Dus: Om dors te wees is die volgende vereiste.
Dors beteken net dat jy besef jy het meer nodig as dit wat jy tans het.

Dors, is een van die heel sterkste begeertes wat 'n mens het.
As iemand regtig dors is gee hy nie om vir eet of iets anders nie – al wat hy soek is iets om te drink.

As ‘n man regtig dors is bly hy nie om te gesels, te redeneer of om dinge te bespreek nie – hy gaan waar daar water is!
Dit is wat Jesus sê: WEES DORS !

(5) KOM NA MY TOE:

Dit is defnitief jou volgende stap: Kom na My toe !
Hy versoek ‘n handeling – ‘n defnitiewe beweging en optrede van jou.

Jesus Christus is die een wat jou doop met die Heilige Gees.
As jy gedoop en vervul wil word met die Heilige Gees, gaan na die een toe wat jou kan vul.
Geen mens kan jou vul met die Heilige Gees, slegs Jesus kan.

(6) DRINK:

Hy het gesê : “ Drink.”
Dis so eenvoudig mense los dit sommer uit.
Maar om te drink beteken jy ontvang iets in jou in – deur jou eie keuse en deur ‘n fisiese beweging.
Drink totdat jy vol is en oorloop !

Dit is defnitief deel van die ontvang van die Heilige Gees.
Om net passief daar te sit en te sê: Wel as God iets wil
10 doen, laat Hom dit doen.
Drink beteken om ‘iets’ in jou in te kry – in te neem.

(7) OM OOR TE GEE:

Ons liggame is beplan om tempels van die Heilige Gees te wees.

1 Korinthiërs 6:19;
'Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie ? Julle het die Heilige Gees wat in julle woon, van God ontvang '

Wanneer die Heilige Gees inkom in Sy volheid begin Hy altyd om die tong onder beheer te bring.

By amper alle verwysings waar mense onder die beheer en vulling met die Heilige Gees gekom het, het iets met hulle monde gebeur.
Hulle het of gepraat, geprofeteer, lofprysing gehad, gesing of in nuwe tale gespreek – iets het uit hulle monde uitgekom.

Wanneer jy by Jesus uitkom en drink sal die eindproduk wees om oor te loop, en dit sal by jou mond uitstroom.

Jesus gee dit duidelik in ***Mattheus 12:34;***
'Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.'

Om oor te loop en iets vir ander mense te kan gee is God se bedoeling in ons lewens.

DIT LEI ONS NA DIE GAWES EN DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE HEILIGE GEES IN ONS LEWENS:

OUTORITEIT:
Dis die einddoel:

GOD SE VEREISTES:

Die sewe vereistes om die volheid van die Heilige Gees te ontvang:

1. Bekering;
2. Word gedoop;
3. Vra vir God;

4. Wees dors,
5. Kom na Jesus - Hy is die doper en vervuller,
6. Drink – ontvang binne in jouself;
7. Gee jou liggaam as 'n tempel vir die Heilige Gees en jou dele as instrumente van geregtigheid.

Elke Christen het die bediening van versoening en herstel ontvang – om mense met mekaar en mense met God te versoen.

Hoe?
Handelinge 1:8; 'En julle sal krag ontvang as die Heilige Gees oor julle kom.'

Besef weer vandag: Ek is die grootste eindproduk van die Heilige Gees.
Die krag van die Heilige Gees in jou is genoeg om die werke van die vyand af te breek.
As jy God se krag wil besit, moet jy jou eie swakhede ken.

Met die Heilige Gees kom 'n einde aan jou vrees en onsekerheid en twyfel.
God bring jou toekoms in jou in – nie jou in jou toekoms in nie.
Wat joune is is joune – in die Heilige Gees.

GEBED:

Here Jesus Christus; ek dors na die volheid van die Heilige Gees.
Ek gee my liggaam as 'n tempel en myself as 'n instrument in u hande – veral my tong.
Vul my asseblief en laat U Heilige Gees vloei deur my lippe en verander dit in strome van lofprysing en aanbidding.

AMEN.

3.ONTVANG DIE HEILIGE GEES

Jesus Christus kom aarde toe om te herstel dit wat verlore-gegaan het na die sondeval.
Daar moes restourasie plaasvind tussen mens en God.

Jesus Christus kom en word gekruisig en daardeur oorwin Hy die mag van die dood en kom Hy om vir mense te wys dat dit moontlik is om die mag van Satan te breek oor jou lewe.

Met wedergeboorte word hierdie verlore gees in jou wederbaar en word alles nuut.
Jesus Christus kom neem nou Sy regmatige plek in jou lewe in.
Saam met Hom kom die Heilige Gees in jou in.
Alles begin met wedergeboorte.
Nou begin al die opvolgprosesse en dit gebeur net in so 'n mate as wat jy dit toelaat in jou lewe.

Te min mense in die kerk is bewus van die Heilige Gees in hulle.
As mense werklik bewus is van die Heilige Gees in hulle sal hulle nie praat en optree soos wat hulle doen nie.

Ons praat aanhoudend van die min krag wat ons het óf die beperkte vermoëns in ons.
As hulle net wil besef dat die lewende God is in hulle sal hulle besef dat niks vir hulle onmoontlik is nie.

In die kerk word ons wedergebore, die Heilige Gees kom in maar sommiges gaan geen tree verder op die pad van outoriteit nie. Hulle kom tot hier en bly net hier geestelik.

Markus 9:23;
'Vir die een wat glo is alles moontlik.'

Dis God se plan vir jou lewe dat, as Hy daar woon in jou, jy tot alles in staat moet wees.

Ek wil glo dat elke wedergebore, Geesvervulde kind van God in hom al die krag het wat hy ooit sal nodig hê om totaal te oorwin in hierdie lewe.
Toe Jesus opvaar hemel toe gaan sit Hy aan die regterkant van God die Vader.
Vader God gee toe aan Jesus die reg om die Heilige Gees uit te gee en sê:
'Stort die Heilige Gees nou uit oor ons kinders.
Die Heilige Gees sal hulle lei en hulle vervul en dan aan elkeen van hulle Sy gawes gee.'

Van die eerste manne wat na die uitstorting van die Heilige Gees met sy bediening begin het was Filippus.

Kom ons lees van hierdie eerste kerk in ***Handelinge 8:12–17;***

En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig.
En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus
toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen.
Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword.
En daar was groot blydskap in daardie stad.
Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.
En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Húlle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus.
Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.'

Hierdie deel wys dat die Samaritane wedergebore geraak het, maar dat die apostels nie van mening was dat hulle alles ontvang het wat in die Heilige Gees is nie.

Dis belangrik om te let dat Petrus en Johannes nie gebid het dat God aan hulle die Heilige Gees moet gee nie.
Hulle het gebid dat die Samaritane die Heilige Gees moet 'ontvang', want die Gees was toe alreeds uitgestort.
Filippus se bediening in Samaria was hoogs suksesvol en is deur God geseën.
Siele word gered en die siekes word Goddellik gesondgemaak.

Die vorige verse vertel hoe demone deur die salwing en die krag van die Heilige Gees in Filippus, uitgejaag word en hoe groot vreugde in die stad ingekom het.
Magtige wonderwerke was aan die orde van die dag en baie word daagliks by die kerk toegevoeg.

Daar was groot salwing op die lewe van Filippus, maar niemand van die gemeente self het hierdie krag van die Heilige Gees ontvang nie.

In ***vers 12*** lees ons dit en hoe hulle gered word en daarna die doop van die gelowiges ontvang soos aan hulle geleer is deur Johannes die Doper.

Kom ons kyk na een deel van die groot opdrag wat Jesus Christus vir ons kom gee het:

Markus 16:15–16;
Hier sê Jesus aan sy dissipels:
'Gaan uit die wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Wie tot geloof kom en hom laat doop, sal gered word'.

Hierdie Samaritane het geglo en is gedoop.
Was hulle gered ?
Volgens Jesus was hulle.

Die oomblik dat jy Jesus Christus ontvang kom die weder-geboorte en dit lei na die ewige lewe.
Maar dan moet daar nog prosesse volg daarna.

Hierdie Samaritane was gered en gedoop en oppad hemel toe, al het hulle nog nie die volheid van die Heilige Gees ontvang nie.
Die vervulling met die Heilige Gees is dus nie ‘n vereiste vir die hemel nie - dis bedoel om hier op aarde jou in die volle oorwinning te kan laat loop.

Die eerste proses is om jou te beywer om nou die volheid van die Heilige Gees te ontvang.
Ons wil so graag dinge begin verander in ons lewens maar ons maak die fout om dit te probeer sonder die volheid van die Heilige Gees.

Ons raak wedergebore deur ons geloof te plaas in Christus Jesus en deur die Woord van God.

1 Petrus 1:23-24;
‘Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.. En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.’

Handelinge 8:14;
‘Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het’.

Daar was by niemand twyfel dat hierdie mense werklik weder-gebore was en daarna voortgegaan het om hulle te laat doop nie.

Maar toe die apostels in Jerusalem dit hoor stuur hulle vir Petrus en Johannes soontoe.

Na al hulle lering kom dit uit: Niemand van die gemeente het nog die volheid van die Heilige Gees ontvang nie.

Handelinge 8:17
‘Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.’

Hulle het nie gebid dat ***God*** die mense moet vul met die Heilige Gees nie maar dat hulle dit net moet **ontvang.**

Dis alreeds beskikbaar, ontvang dit net.

Hierdie is net weer ‘n voorbeeld van die liggaam wat die liggaam bedien. Geesvervulde mense help ander in die gemeente met die gawes van die Heilige Gees in hulle om sodoende die proses van heiligmaking te vervul.

Die Heilige Gees werk op twee maniere:
1. As ‘n persoon, óf
2. As ‘n krag, ‘n teenwoordigheid of ‘n invloed.

Die feit bly dat die Heilige Gees onsigbaar is maar dat Sy werk en Sy teenwoordigheid sienbaar en hoorbaar is.

‘n Belangrike deel van Sy persoonlikheid is dat Hy kan praat. Hy praat nie net met ons nie maar ook deur ons.

Met die uitstorting op Pinksterdag toe die Heilige Gees afgedaal het uit die hemel, het Hy gepraat in verskillende tale deur die dissipels.

Hiermee het Hy kom wys dat Hy ‘n persoon is en nou Sy woning op aarde kom maak het.

Hy is nou die permanente, persoonlike verteenwoordiger van die drie-enige God wat nou op die aarde teenwoordig is.

Elke keer as die Heilige Gees Sy woning kom maak in die nuwe gelowige, demonstreer Hy Sy teenwoordigheid in die persoon.

1 Korinthiërs 6:19;
‘Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is nie?’

Dit gebeur in daardie persoon se karakter om dit te verander, maar meer duidelik as Hy toegelaat word, om deur daardie persoon te praat in bo-natuurlike klanke.

Eintlik kom Hy vir die mens sê: ’Nou weet jy dat Ek hier in jou is as ‘n persoon.’

Dis baie duidelik dat die 'spreek in tale' nie net 'n tydelike bonatuurlike ondervinding is nie.

Voorbeelde van die Heilige Gees:

1. **As 'n Persoon:**
   Markus 13:11; 'Want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees in julle.'
   Lukas 12:12; 'Want die Heilige Gees sal julle in dieselfde uur leer wat julle moet sê.'

2. **As 'n krag of 'n invloed:**
   Mattheus 3:11; 'Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.'
   Handelinge 10:38; 'God het Hom (Jesus) gesalf met die Heilige Gees en met krag.

DIE GEES VAN DIE WAARHEID

Johannes 14:16-17;
'En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:
die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.'

Toe Jesus sy dissipels belowe het dat Vader vir hulle 'n ander Helper sal stuur, het Hy dié Helper 'n ander naam gegee:
'Die Gees van die Waarheid'.

Daar kom 'n waarskuwing saam met die belofte:
'Die wêreld sal Hom nie kan ontvang nie!

Daar is twee redes daarvoor:

1. Vanaf die tyd dat mens homself weggedraai het van God in rebellie, het hulle geweier om die waarheid te aanvaar want dit het hulle onregverdige dade openbaar.

Hulle onderdruk die waarheid.
Romeine 1:18;
'Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,'

2. Die rebellie teen God het ook vir ons kom wys dat as jy teen die waarheid staan, jy so maklik verlei en mislei kan word deur die Satan – die groot misleier.

Die kerk vandag is so vol van bedekte waarheid.
Daar kom soveel sonde in die kerk in, maar agv. die misleiding kom dit nooit navore nie.
Ons sien net die gevolge daarvan jaar in en jaar uit.

Hoe lyk hierdie gevolge?

Verwerpte en verwoeste kinders – fisies, emosioneel en seksueel
Gebroke huweliksbeloftes.
Skelm en verkeerde handelings met geld.
Seksuele perversie en wellus.
Daar is soveel pornografie – ook onder kerkleiers!
Verslawing: rook, alkohol, tablette en ooreet.

Ons moet almal een ding onthou: die Gees van die Waarheid is in jou. Hy is veronderstel om jou in alle waarheid te lei.
So as jy my kom vra of jy mag egbreuk, weet ek dadelik dat die Gees van Waarheid jou verseker nie lei nie – dis waarom jy so 'n vraag kom vra.

God se opdrag bly nog altyd:
'Wees heilig, want Ek is heilig' sê Hy.

4.HEILIGE GEES: TEENWOORDIG IN MY

In die Nuwe Testament leer ons God ken in verhoudinge.
God bied hier aan mens drie dinge:
* God vir ons;
* God met ons en
* God in ons.

Die waarborg is in ***Romeine 8:31***
'Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?
Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?.'

Met die wete dat ons nou die Heilige Gees ontvang het na ons wedergeboorte, betree ons 'n totale nuwe dimensie in ons verhouding met God.

Met God aan ons kant is ons gewaarborg om te wen.
Die wete dat Hy vir ons is maak ons eintlik vreesloos.
Dit maak nie saak hoe moeilik jou situasie is nie of hoe donker die wolke is wat oor jou horison hang nie, jy kan rustig wees – jy sal wen.

In Christus Jesus kan daar op die einde geen nederlaag wees nie.

Dit beteken ook dat dit nie saak maak waar jy is nie, God is by jou.
Hy is in jou.
Sy Woord waarborg dit vir jou.

In die Nuwe Testament het ons 'n baie beter verbond met baie beter voorwaardes.

Die verbond van die Ou Testament was:
God was vir Israel en Hy was met Israel maar Hy was nooit in hulle nie.

Nou is God vir ons en met ons, maar belangrik Hy is ook IN ons.

God het nou sy woning IN ons liggame kom maak om van daar verder te regeer.

1 Korinthiërs 3:16

'Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?'

1 Korinthiërs 6:19

'Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie?
Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang.'

Die probleem is dat ons nie werklik besef dat die Heilige Gees in ons is nie.
As mense werklik bewus is van die Heilige Gees in hulle, sal hulle nie praat en optree soos wat hulle doen nie.

Ons praat soms aanhoudend van die min krag wat ons het, óf die beperkte vermoëns in ons.
As ons net wil besef dat die lewende God is in ons, sal ons begin besef dat niks vir ons onmoontlik is nie.

Dit is dus werklik moontlik dat daar Christene is wat die Heilige Gees ontvang maar geen tree verder op die pad van outoriteit vorder nie.
Hulle kom tot hier en bly net hier!

Ek voel nog altyd dat daar mense is wat in die regte voertuig sit, maar geparkeer staan langs die pad.
Oppad in die regte rigting, maar hulle beweeg nie.

In ***Markus 9:23*** staan: 'Vir die een wat glo, is alles moontlik.'

Dit is God se plan vir jou lewe dat, as Hy daar woon in jou jy tot alles in staat moet kan wees.

1 Johannes 4:4

'Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.'

Ek wil glo dat elke wedergebore, Gees-vervulde kind van God, in hom, al die krag het wat hy ooit sal nodig hê om totaal te oorwin in hierdie lewe.

Dis so duidelik uit die Skrif dat die Heilige Gees as derde deel van die drie-eenheid, in elke gelowige kom inwoon.
Hy woon nie meer in mensgemaakte allerheiligste plekke nie, maar ons liggame het nou sy tempel geword.

Die Ou Verbond is verby:
In die ou testament, onder die ou verbond, was God se teenwoordigheid beperk tot die Allerheiligste area van die tabernakel en later die tempel.

Niemand is daar toegelaat behalwe die hoë priester nie – en hyself met baie versigtigheid.
As enige iemand anders oortree het, het hy dadelik morsdood neergeslaan.

Die ou verbond het bepaal dat elke manlike persoon in Israel, een keer per jaar na Jerusalem moes gaan, want dit is waar God se teenwoordigheid was.

Net voordat Jesus sterf aan die kruis, roep hy: 'Dit is volbring!' Hy het nie na die nuwe verbond verwys nie maar na die oue.

Die nuwe verbond was nie in werking nie voordat Christus nie opgevaar het in die hemel na sy nuwe heiligdom aan die regterhand van God nie.
Hy kon dit alleenlik regkry deur met sy eie bloed daarvoor te betaal en so verlossing en redding vir ons te bewerk.
Nou eers was die nuwe verbond verseël.

Op Golgota sterf die Christus.
Op daardie oomblik skeur die voorhangsel in die tempel wat die allerheiligste area afgebaken het.
Die Heilige Gees kom nou uit die mensgemaakte plek uit om daarna nooit weer in 'n gebou te bly nie, maar in mense.

As ons 'n gebou die 'Huis van God' noem, is ons nie korrek nie.

As ons wil sê die gebou is waar Hy woon en heers, is ons verkeerd.
God woon nooit weer in 'n gebou nie.
Hy woon en heers nou IN ONS deur die krag van die Heilige Gees.

In ***Johannes 14:16*** sê Jesus aan sy dissipels en kinders:
'Ek sal die Vader bid, en hy sal julle 'n ander trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.
vers 17: Omdat hy by julle bly en in julle sal wees.'

'Groter is Hy wat in julle is, as hy wat in die wêreld is.'
Wie is hy wat in die wêreld is ?
Satan, die god van hierdie wêreld.

As ons voortdurend bewus is van Die Groter een in ons, sal ons nooit iets hê om te vrees van die duiwel nie of enige ander probleem wat ons mag bedreig nie.
Die bron van alle krag dra ons dan in ons!

Dit bring ons by die volgende vraag:
Wat is die fisiese tekens wat ons kan verwag?
Wat sal toon dat die Heilige Gees in ons is?

Om dieper te lewe saam met die Heilige Gees beteken dat daar 'n punt kom waar ons sal oorloop van Sy teenwoordigheid.

Die eerste fisiese teken dat die Heilige Gees in ons teenwoordig is, is die praat van 'n nuwe taal – 'n gebedstaal.
Daar kan 'n tydperk verloop van slegs Sy teenwoordigheid in ons, maar daar moet 'n tyd kom waar Hy met ons begin kommunikeer in 'n nuwe taal.

Skrif daarvoor?
Handelinge 10:44–46; Petrus besig om te praat met nuwe bekeerlinge, wat nie Jode was nie:

'En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.
En die gelowiges uit die besnydenis (Die Jode)

almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is, want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak.'

Na Petrus met hulle gedeel het oor die vergifnis van sonde en hulle bekering, volg die volgende stap:
Vervulling met die Heilige Gees.
Hier vind ons dat die spreek in tale die Jode oortuig het van hierdie mense se vervulling.

Handelinge 11:15–16. Nog Petrus wat praat:
'En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin.
En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het; Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.'

In hierdie spesifieke geval het die mense hulle bekering en die vervulling met die Gees in 'n kort tyd na mekaar ontvang.

Hier het niemand hande op hulle gelê nie – hulle is net vervul.

Alles hier is 'n aanduiding dat daar geen rede of skrif bestaan wat sê dat ons moet wag vir die vervulling na bekering nie.

Oorspronklik moes almal wag totdat hulle bymekaar was – toe is die Heilige Gees die heel eerste maal uitgestort.
Daarna is daar geen tydsbeperking daarvoor nie.

In Handelinge 19:6 sê die Woord dat hulle direk na vervulling met die Heilige Gees in tale gepraat het en geprofeteer het.

Ek wil graag daarby staan dat die eerste fisiese teken wat 'n aanduiding is van 'n geestelike ondervinding en die vervulling met die Gees, tale spraak is.

Die spreek in 'n nuwe taal is die begin van dit alles.

Daar word gesê dat hoe meer jy tot God bid en Hom loof en prys in tale, hoe groter sal die manifestasie van die ander gawes wees.
Anders dan ook: hoe minder tale spraak hoe minder kragtig die manifestasie van krag.

Die spreek in tale is die deur na al die ander geestelike gawes. So baie wil mense direk oorgaan in die gawes maar daar is 'n deur waardeur jy eers moet gaan.

1 Korinthiërs 12:31
'Maar beywer julle met die oog op die beste gawes.'
Dis geskryf vir mense wat alreeds in tale gespreek het.

Paulus in ***1 Korinthiërs 14:18***
'Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal.'

OPSOM:

Daar is meer in die vervulling met die Heilige Gees as net tale spraak, maar tale is 'n belangrike en integrale deel om die Heilige Gees in sy volheid te ontvang.

Oor die jare is bale mense beroof van God se seëninge deur te glo dat die spreek in tale nie vir almal is nie, óf dat dit sommer net 'n minder belangrike gawetjie is.

1 Korinthiërs 12:7
'Maar aan ELKEEN word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.'

* Wedergeboorte.
* Nou die ontvangs van die Heilige Gees.
* Hy kom in om in ons te bly – woning te maak.
* Sy volheid neem gestalte in my en die eerste fisiese teken van 'n geestelike ondervinding, is tale spraak.
* Dit maak die deur oop vir al die ander geestelike gawes wat nog moet kom.

Alles wat hier genoem word is vir ELKEEN.

5.HEILIGE GEES: DIE SLEUTELS VIR KRAG (B.H.)

Die oomblik dat die Heilige Gees in sy volheid met jou kontak maak verander baie dinge in jou lewe.
Jy word verander om nooit weer dieselfde te wees nie.

Die smag na hierdie krag en teenwoordigheid van die Heilige Gees kan jy elke dag sien in die oë van honderde mense.

1. Die passie om Sy krag te verkry:

Die absolute begeerte na Sy krag is die eerste vereiste om die volheid van die Heilige Gees te ontvang.
Daar moet so 'n groot hongerte in jou hart wees daarvoor dat jy alles sal doen om dit te verkry.

'n Passie wat jou sal laat soek totdat die wonderwerke van die Bybel ook in jou lewe sal begin gebeur.

Soos wat ons ons harte oopmaak vir die Gees, so sal Hy sy teenwoordigheid uitgiet op ons dorstige siele – net soos die reën wat val op dorre aarde.

Die grootste begeerte na Sy teenwoordigheid is eerstens vir jouself – om in totale vryheid te kan loop.
Totaal vry van die verlede.

Sy teenwoordigheid sal tasbaar in jou lewe word.
Verbreekte verhoudings sal genees word net deur sy teen-woordigheid en lewens sal begin verander.

Deur die jare leer jy een groot les: Die Heilige Gees sal altyd sy teenwoordigheid en krag manifesteer aan diegene wat smag na sy aanraking op hulle lewens.
Geestelike hongerte trek sy bekragtiging aan.

Jesaja 44:3
'Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.'

Daar is so baie Christene vandag wat geestelik leeg is – hulle lewens droog en hard.
Maar ongelukkig sal slegs dié wat smag na Sy teenwoordigheid tot oorlopends toe vol word.

Slegs dié wat werklik roep na die Here sal hom ken en dié wat toegee aan hulle geloof, sal Sy krag en Sy werkinge in hulle lewe ervaar.

Jesus het altyd gesê: 'Slegs dié wat rein van hart en gehoorsaam is, sal My verseker sien.'

2. Kom ons verstaan Sy persoonlikheid:

Dis so belangrik vandag om te verstaan dat die Heilige Gees 'n persoon is.
Hy is defnitief nie net 'n invloed of 'n mag nie (Hy is dit ook) – nee, Hy is 'n persoon.
'n Persoon waarmee jy kan praat en kommunikeer.
Hy kan praat, Hy het emosies, Hy reageer op jou versoeke en Hy gee jou God se liefde en sy gawes.

Moet Hom nooit weer sien as iets wat onbeheerbaar is en ver van jou af is nie, want as jy dit doen sal jy nooit verder as 'n spesifieke punt kom in jou geestelike lewe nie.

3. Wat is Sy doel met my lewe ?

* Hy kan so werklik vir jou word soos enige ander persoon.
* Hy wil jou bystaan en lei in jou geestelike lewe.
* Hy wil die bron van God se krag in jou lewe wees.
* Hy wil die gawes van die Gees uitstort in jou lewe.
* Hy wil jou krag gee om te kan staan teen versoekinge.
* Hy wil jou vul met wysheid en God's Woord oopmaak vir jou.
* Hy wil jou voorberei vir jou bediening eendag, en

* Hy wil jou help voorberei vir die ewige lewe eendag.

4. Kan ek Hom werklik net vra en ontmoet ?

O, ja – vra net: 'Heilige Gees, ek wil U so graag ken en ontmoet. Kom in en woon in my, gebruik my, leer my en word alles in my lewe asseblief.'
Die oomblik dat jy Hom werklik vra, voel jy Hom en is Hy daar en Hy is daar om altyd daar te wees.

Luister na wat Paulus sê***: 1 Korinthiërs 2:12***

'Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.'

Ek besef ook dadelik dat ek nooit die diep dinge van God sal kan verstaan as dit nie deur Sy Heilige Gees aan my openbaar word nie.

1 Korinthiërs 2:9–10

'Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.
Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.'

5. Wanneer die Heilige Gees opdaag:

Die rede waarom daar regoor die wêreld soveel bekerings, veranderde lewens en wonderlike tekens en genesings plaasvind, is net alleenlik die Heilige Gees in aksie.

Daardie selfde Gees wil jou ook graag aanraak en vul met sy krag om jou te help oorwin oor versoekinge, maar veral wil Hy saam met jou wees en jou inbring in God se teenwoordigheid.

Hy wil so graag die Vader en Sy seun, Jesus Christus vir ons 'n werklikheid maak in ons hart.

Jesus self moedig daarom alle gelowiges aan om te bou aan hierdie verhouding:

Johannes 16:14.
'Die Heilige Gees sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.'

6. Totale oorgawe:

Daaglikse oorgawe aan Sy leiding is wat dit kos.
Totale oorgawe kan alleenlik kom deur gebed en gebrokenheid voor God.
Ons moet as 'n resultaat nie fokus op die gawes en of ons al die gawes ontvang het nie.

Die vraag moet wees: 'Het ek alles aan Hom oorhandig?'

Hoe werk dit ?

* Wedergeboorte vind plaas.

* Soos wat jy Jesus Christus leer ken, begin Hy homself openbaar aan jou en ondervind jy sy liefde.

* Die verhouding word al hoe dieper, totdat jy by die plek kom waar jy sê:
'Here Jesus ek gee aan U my hele lewe, my gedagtes, my hart, my verstand, my emosies en my drome.
Ek gee dit aan U – alles.
Ek gee my gees, my siel en my liggaam aan U.
Maak met my soos U goeddink Here! AMEN '

* Soos jy oorgee aan Hom, so begin die Heilige Gees jou leer – nie net oor jouself nie, maar oor wat Vader vir jou beplan.

* Alles van Sy Woord word nou sterker en alles van jou gebed word nou dieper.

* Soos wat dit aangaan begin jy Sy vrede ondervind – vrede wat alle verstand te bowe gaan.

* Alles deur die werking van die Heilige Gees in jou.

DIE BELOFTE VAN OPSTANDING:

Jesus Christus het dit as ‘n vereiste gehad dat die Heilige Gees in Hom moet wees, want Hy het geweet dat as dit so is, Hy weer lewendig sal word.
Romeine 8:11

‘En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.’

Die wederopstanding van Christus en die belofte van die opstanding aan ons as ons eendag sterf, is die fondasie van die christelike lewe.

Sonder dit is ons geloof niks werd nie, die vergifnis van ons sonde slegs ‘n droom en ons wat eendag gaan herenig met Jesus, ‘n onwaarheid.

Maar, Goddank, dit is ‘n werklikheid.

Ons sekerheid dat ons eendag gaan lewe is basseer daarop dat Jesus Christus self opgestaan het en self opgevaar het na die hemel.

1 Korinthiërs 15:23
‘Maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.’

Onthou:
Die vrees vir die dood weerhou ons daarvan om te lewe, nie om dood te gaan nie.
Jy mag nooit bang wees vir die dood nie! Hy is oorwin.
As jy bang is daarvoor, lewe jy nie maklik in oorwinning nie.

Hoe gaan hierdie opstandings gebeur?

Ons het nou net gelees in Romeine 8:11 dat die Heilige Gees die sleutel is om die onoorwinbare een, die dood, te kan oorwin.
Dit doen Hy as ‘n mag en ‘n krag.

Slegs omdat Hy ‘n persoon is en in jou kan woon is dit vir Hom moontlik om dit vir jou ook te doen.

Die oomblik dat ons stop om **VAN** Hom te leer en liewer Hom te **LEER KEN** as ‘n persoon, gaan alles vir jou oop.

Moet nie probeer om Sy krag by te voeg in jou lewe nie,
6 leer om Hom ken, gee oor aan Hom, aan Sy liefde en sy aanwysings.

As Hy slegs ‘n Krag was, sou ons daarvan wou hê.
Maar omdat Hy ‘n persoon is wil ons graag hê dat **Hy** ons moet aangryp en vashou.

‘n Brandende Vlam:
Jy mag hier sit en dink jy is maar slegs ‘n onbeduidende liggie in die wêreld.
Maar, hoe donkerder die wêreld, hoe helderder gaan jou lig skyn – dit ruk die donkerte oop deur die waarheid van God se Gees.

Johannes 1:5;
‘En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.’

Die woord ‘oorweldig’ hier beteken: Dit kon nie uitgedoof word nie, dit kon nie oorkom word nie en dit kon nie verstaan word nie.

Die idee is hier dat duisternis (die wêreldse dinge) nooit die lig sal kan verstaan of dit uitdoof nie.

Die oomblik dat jy vervuld raak met die Heilige Gees sal die mense om jou wat nog in duisternis is, jou nie verstaan nie en hulle sal ook nooit jou lig kan uitdoof nie.

Die lig het krag – en jy is in dit.

Onthou:
Jy dra nie die lig nie **- JY IS** die lig.
Die Here Jesus lewe in jou en deur Sy Heilige Gees in jou is daar 'n helderheid wat na buite uitskyn.

Die aarde word elke dag geestelik donkerder – en ons al helderder en die Heilige Gees is die krag wat ons vlam laat aanhou brand.

Wat is die grootste tragedie vandag in Christenskap ?

Sondaars is besig om daagliks gered te raak – maar die tragedie is dat die gereddes weer besig is om sondaars te word.

Daar is soveel seuns van God wat al so lank net aankarring met godsdiens, dat hulle besig is om God se heerlikheid oor hulle lewens te verloor.

Nuwe bekerlinge staan skielik op en word in die plek van ou Christene, die seuns van God gemaak.
Ou Christene wat net nooit geestelik vooruitgegaan het nie is so baie keer besig om met God se genade te speel – passop!

Elke kerk moet hier voor 'n altaar laat bou en elkeen van ons moet 'n kans kry om daarop te gaan lê.
Daar bly jy en roep:
'My God, brand met die vuur van U Heilige Gees, alles weg uit my lewe uit wat nie van U is nie!'
En jy bly daar lê totdat God klaar is met jou !

Dis al hoe ek en jy bruikbaar gaan wees vir God en Sy Heilige Gees in hierdie tye wat vir ons voorlê.

OPSOMMING:

In elke deel van die wêreld is daar 'n uitstorting van God se Heilige Gees.
Miljoene kan getuig oor wat gebeur agv. hulle verhouding met God se krag.

Elke dag kom Jesus se woorde in vervulling: ***Johannes 14:12;***

'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle; wie in my glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.'

Die profesie het uitgegaan:

Demos Shakarian sê:
'Die dag sal kom dat gelowiges in so 'n groot mate van krag en outoriteit sal beweeg dat hulle deur hospitale sal loop, die hande op die siekes sal lê en almal sal gesond word.'

Sal ons dit sien en belewe ?
Ons is veronderstel om te!

6.DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES:

Ek wil nie hier die verskillende gawes bespreek nie, maar die klem lê op die belang van die gawes.

Die Heilige Gees kan na ons toe kom soos reën.
Jesus het gesê om te kom drink***: Johannes 7:37-39;***

'En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink !
Hy wat in my glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.'

Maak oop jou mond en drink.

Niemand kan ontvang met ‘n toe mond nie.
Laat die Heilige Gees net in jou invloei – en kyk dan net later wat vloei nou weer uit jou uit !

Paulus, ge-ïnspireer deur die Heilige Gees, skryf aan kerk:
1 Korinthiërs 12:1;

‘En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.’

As die Heilige Gees deur Paulus vir die kerk gesê het dat hulle nie onkundig moet wees oor die Gees nie is dit defnitief vandag nog vir die kerk.

Hoe onkundig is jy oor die werking en gawes van die Heilige Gees?
Of die vraag: Hoeveel daarvan het jy al in die praktiese christelike lewe gesien en beleef?

Wêreldwyd is daar groot duisternis en onkunde oor hierdie onderwerp.

In sommige kerke weet mense totaal niks daarvan af nie – nie eers dat dit nog kan funksioneer nie, óf
hulle glo dat dit tyd vir die gawes lankal verby en uitgesterf het.

Die meeste egter weet van die gawes, maar hoe en wanneer dit werk, dit weet hulle nie. Suiwer as ‘n gebrek aan lering daaroor.

1 Korinthiërs 12:1–14

‘En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie
hê dat julle onkundig moet wees nie.
Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die
stomme afgode net soos julle ook al gelei is.
Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die
Gees van God spreek, Jesus ‘n vervloeking noem nie; en
niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur
die Heilige Gees.
Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is
dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge,
en tog is dit dieselfde Here;
en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit

dieselfde God wat alles in almal werk.
Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.
Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;
aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.
Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.
Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.
Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.
Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie.

Die brief geskryf aan die kerk in Korinthe is defnitief aan die hele kerk gerig en nie geskryf vir 'n individuele persoon nie.

Die mening is daar dat Paulus hier aan 'n individu skryf maar lees mooi: Dis aan die hele groep mense in die kerk gerig om hierdie gawes saam te begeer.

Soos die hele groep dit saam begeer, so sal die Heilige Gees kom en aan elke mens die deel gee wat Hy – die Heilige Gees, goeddunk.

Dis belangrik om daarop te let dat hierdie gawes God se genade is en dat ons dit gladnie kan 'verdien' nie.
Hulle word in geloof aanvaar.

As die gawe van genesing bv. deur jou werk en jy bid vir iemand en hy word gesond, het daardie persoon 'n geskenk gekry van God, deur 'n ander persoon.
Jy het net die gawe en jy deel dit uit en iemand wat dit kry, kry dit as 'n geskenk.

God kom en deur Sy Heilige Gees skenk hy aan jou die gawe.
Saam met dit sê Hy:
'Ek gee aan jou 'n gawe.
Daar is twee dinge wat jy daarmee kan doen:
Jy kan dit gebruik en later nog meer kry, óf jy kan in gebreke bly om daarin te funksioneer en dit dan verloor.'

Ek glo dat aan die einde van tyd God van ons rekenskap gaan vra oor die gawes wat Hy vir ons gegee het - wat ons gedoen het of nie gedoen het nie.

Moet nie oordeel wat hy doen nie, maar wie hy is.

Jesus waarsku dan ook: 'Jy sal hulle aan die vrug van Gees, herken in hulle lewe, nie deur die gawes nie.'

Die gawes is daarom ook nie 'n vry passaat hemel toe nie!

Dis hoekom daar staan: 'Nie elkeen wat My Here, Here noem sal ingaan nie – ook nie die wat sê dat hulle demone uitgedryf het, geprofeteer het, of wonderwerke gedoen het nie.'

Paulus skryf duidelik dat nie net een mens al die gawes gaan kry nie.
Daarom skryf hy:
'Want aan die een word dié gawe gegee en aan die ander.'

Moet nie die idee kry dat jy moet dadelik begeer om al die gawes te kry nie - dit werk net nie so nie.

Ek glo dis baie belangrik dat die hele groep wat bv. hier saamkom, sal begeer dat al die gawes tussen hulle opgedeel en uitgegee moet word - want dan het die hele groep die voordeel daarvan.

Die Heilige Gees sal gee: ;Met die oog op wat nuttig is.'

Belangrik: Nie wat ek wil nie, en defnitief ook nie soos wat jy wil nie – maar soos wat die Heilige Gees wil.

Ek glo dis so belangrik om 'n sensitiwiteit aan te leer vir die Gees, om te sorg dat Hy kan beweeg wanneer en soos Hy wil.

Die gawes van die gees verklaar altyd dat Jesus die HERE is:

Die kerk in Korinthe was ‘n groep mense wat uit ‘n baie donker verlede gekom het. Paulus spreek hulle ook so aan:

1 Korinthiërs 12:2
‘Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is.’

Hierdie spul was voorheen met okkulte bedrywe besig voor hulle redding.
Tydens hulle afgod-rituele en onder die invloed van onrein geeste, het daar dan ook snaakse dinge gebeur.
Die groot vereiste was dat hulle totaal skoon moes wees in die nuwe kerk.
Want wanneer die Heilige Gees dan begin beweeg het, het hulle soms ook gemanifesteer en saamgepraat – onderleiding van ‘n verkeerde gees.

Vers 3: Dis waar die kwessie ingekom het dat, tydens hulle dienste, hulle Jesus ‘n vervloeking genoem het.

Dis hoekom Paulus dit hier so duidelik stel in ***laaste deel van vers 3*** – ‘As die Heilige Gees alleenlik in beheer is, sal die Gees altyd verklaar dat Jesus die Here is.’

Die gevolg is dat die koningskap van Jesus dan altyd eerste gestel moet word – nie die heerskappy van ‘n mens nie.

Dis dan die eienskappe van die gawes van die Heilige Gees:
Hulle sal nooit die fokus op ‘n mens plaas nie maar altyd op God.

As ons nou die gelese deel moet opsom – die eerste deel:
Weer vers 3; ‘En niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.’

Jy moet daarvan seker wees dat as iemand sê hy vloei in die gawes van die Gees, maar hy spreek teenoor Jesus, dat dit defnitief nie onder die Heilige Gees se krag is nie.

Paulus maak dit baie duidelik dat as jy iemand wil toets of hy van die Here praat, laat hom sê:
'Jesus Christus is die Here'.

Ek wil dit baie duidelik sê dat ekself al soveel daarmee gewerk het.
As jy nie seker is of die persoon wat voor jou staan werklik 'n Christen is nie, laat hom sê: Jesus Christus is die Here.
As hy nie kan nie, dan weet jy dat 'n alternatiewe gees hier in beheer is.

Hulle sê soms iets soos: 'Ek sal dit later sê' of 'Ag jy weet mos ek is reg.' Passop!

Omdat mense nie die geestelike lewe mooi verstaan nie, sien jy ook soms dat hulle 'n gawe wil laat werk, maar sonder die Heilige Gees.

Rede ?
1. Hulle is net totaal onkundig; óf

2. In 'n stadium het die Gees wel iets deur hulle gedoen, daarom nou die persepsie dat 'ek het dit' en nou dink hulle dat hulle die gawe net weer kan laat werk.

   Dit maak jou ongelukkig oop vir misleiding – so passop!

3. Die oomblik dat ons afwyk van God se Woord, werk dinge maar net nooit nie.

DIE VERSKEIDENHEID VAN DIE GAWES:

1 Korinthiërs 12:4-7
'En daar is wel 'n verskeidenheid van genadegawes.' maw. verskillende gawes.
Maar – alles deur dieselfde Gees.

Die verskillende gawes beteken net dat dit ook op verskillende maniere werk in mense en nie dat dit dieselfde is in verskillende mense nie.
Maw. Profesie kan anders wees in verskillende mense maar dat een mens ook op verskeie maniere kan profeteer.

Dis wat Paulus in die begin van ***1 Korinthiërs 12*** sê in:
Vers 4 'Verskeidenheid van genadegawes .'
Vers 5 'Verskeidenheid van bedieninge.' en
Vers 6 'Verskeidenheid van werkinge.'

Dit kan so opgesom word:
Al drie mag verskillend klink of wees, maar in ***vers 7*** staan:
'Maar aan elkeen word die openbaring (of manifestasie) van die Gees gegee, met die oog op wat nuttig is.'

Paulus noem hulle almal openbaringe of manifestasies: met een doel: Dit is om tot nut van mense en van die kerk te wees.
So gaan Paulus dan aan en noem hier nege verskillende gawes.
Verskillende manifestasies van die Heilige Gees.

Dit word opgedeel in drie verskillende kategorieë:
Drie van hulle '**SÊ'** iets,
Drie van hulle '**DOEN'** iets, en
Drie van hulle **'OPENBAAR'** iets.

Die drie wat iets **SÊ** is die gawes van **uitspreek:**
Profesie, allerhande tale en uitleg van tale.

Die drie wat iets **DOEN** is die gawes van **krag:**
Geloof, werkinge van kragte, en gawes van gesondmaking.
(Let net daarop: dis altyd **GAWES** van genesing – in meervoud.)

Die drie wat **OPENBAAR**, **openbaarmaking van God se hart:**
Woord van wysheid, woord van kennis, en onderskeiding van die geeste.

OPGEDEEL IN BELANGRIKHEID:

Elke groep van gawes is so opgedeel in wat die belangrikste is:
Onder die drie gawes van openbaring is die 'Woord van wysheid', die belangrikste.
Van die drie gawes van krag is die 'Gawe van geloof', die belangrikste.
Van die drie van uitspreek is 'Gawe van profesie' die belangrikste.

Die Bybel noem uitdruklik: ***1 Korinthiërs 12:31***
'Maar beywer julle met die oog op die beste gawes'

Baie van die gawes is in die meervoud gegee bv. werkinge of gawes.
Dit beteken dat elke tipe genesing en elke tipe werking
van kragte - alles 'n afsonderlike gawe is.

Indien 'n persoon op 'n gereelde basis 'n gawe deur hom laat opereer kan ons aanvaar dat dit later sy gawe word.